THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG


GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**

**Vol. 8** PRETORIA, 25 APRIL 2002 **No. 107**

**We all have the power to prevent AIDS**




Prevention is the cure

AIDS

HELPLINE

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

02107
9771682452005

1471772—A

## CONTENTS • INHOUD


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICES** | | |
| 519 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Kungwini Local Municipality: Declaration as an approved township: Boardwalk Villas | 3 | 107 |
| 520 | do.: do.: Peri-Urban Amendment Scheme 367 | 6 | 107 |

# LOCAL AUTHORITY NOTICES

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 519

### KUNGWINI LOCAL MUNICIPALITY

### DECLARATION OF BOARDWALK VILLAS AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the Kungwini Local Municipality hereby declares the Township of Boardwalk Villas to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ERF 105 ERASMUSKLOOF X 3 CC IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO. 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 90 OF THE FARM TWEEFONTEIN NO. 372 JR, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township shall be Boardwalk Villas

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven as indicated on General Plan SG No. 979/2002

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of the rights to minerals, but excluding the following servitudes which shall not be transferred to the erven in the township -

"3. Tensy die skriftelike toestemming van die Administrateur vooraf daartoe verkry is, mag nie meer as een woonhuis, dit beteken 'n huis wat ontwerp is vir die gebruik as 'n woning deur een gesin, tesame met sulke buitegeboue as wat gewoonlik in verband met die grond gebruik word, op die grond opgerig word nie.

4. Tensy die skriftelike toestemming van die Administrateur vooraf daartoe verkry is, mag die grond net vir woon- en landboudoeleindes gebruik word."

1.4 CONSOLIDATION OF ERVEN

The township owner shall at its own expense cause Erven 1 and 2 in the township to be consolidated.

1.5 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at his own expense cause all existing buildings and structures situated within building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required to do so.

1.6 REMOVAL OF LITTER

The township owner shall at his own expense have all litter within the township area removed to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

1.7 REMOVAL AND/OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL AND TELKOM SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove and/or replace any existing municipal and Telkom services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.8 REMOVAL AND/OR REPLACEMENT OF ESKOM LINES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove and/or replace any existing Eskom power lines, the cost thereof shall be borne by the township owner.

2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 The erven mentioned below shall be subject to the condition as indicated, laid down by the Kungwini Local Municipality in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986):

2.1.1 ALL ERVEN

2.1.1.1 The erf shall be subject to a servitude, 2m wide, for municipal services (water/sewerage/electricity/stormwater) (hereinafter referred to as "the services"), in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

2.1.1.2 No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2m from it.

2.1.1.3 The Kungwini Local Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the Kungwini Local Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the Kungwini Local Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

---

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 519

### KUNGWINI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

### VERKLARING VAN BOARDWALK VILLAS TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit hierby die dorp Boardwalk Villas tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ERF 105 ERASMUSKLOOF X 3 CC INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE NO. 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 90 VAN DIE PLAAS TWEEFONTEIN NO. 372 JR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 NAAM

Die naam van die dorp is Boardwalk Villas

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe soos aangedui op Algemene Plan LG No. 979/2002

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende serwitute wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

"3. Tensy die skriftelike toestemming van die Administrateur vooraf daartoe verkry is, mag nie meer as een woonhuis, dit beteken 'n huis wat ontwerp is vir die gebruik as 'n woning deur een gesin, tesame met sulke buitegeboue as wat gewoonlik in verband met die grond gebruik word, op die grond opgerig word nie.

4. Tensy die skriftelike toestemming van die Administrateur vooraf daartoe verkry is, mag die grond net vir woon- en landboudoeleindes gebruik word."

1.4 KONSOLIDASIE VAN ERWE

Die dorpseienaar sal vir sy eie koste toesien dat Erwe 1 en 2 in die dorp gekonsolideer word.

1.5 SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes en kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelê is, of bouvallige strukture laat sloop tot tevredenheid van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur so vereis.

1.6 VERWYDERING VAN ROMMEL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

1.7 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN MUNISIPALE EN TELKOM DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale en Telkom dienste te verwyder of te verskuif, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.8 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN ESKOM LYNE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande Eskom kraglyne te verskuif en/of te verwyder, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 Die erwe hieronder genoem, is onderworpe aan die voorwaarde soos aangedui, opgelê deur die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986):

2.1.1 ALLE ERWE

2.1.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2m breed, vir munisipale dienste (water/riool/elektrisiteit/stormwater) (hierna "die dienste" genoem), ten gunste van die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2m breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

2.1.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.

2.1.1.3 Die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die

aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 520

### KUNGWINI LOCAL MUNICIPALITY

### PERI-URBAN AMENDMENT SCHEME 367

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Kungwini Local Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Boardwalk Villas, being an amendment of the Peri-Urban Town-planning Scheme, 1975. Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the City Manager, and are open to inspection during normal office hours. This amendment is known as Peri-Urban Scheme 367.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 520

### KUNGWINI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

### PERI-URBAN WYSIGINGSKEMA 367

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Kungwini Plaaslike Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Boardwalk Villas, synde 'n wysiging van die Peri-Urban Dorpsbeplanningskema, 1975, goedgekeur het. Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Stad Bestuurder, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae. Hierdie wysiging staan bekend as die Peri-Urban wysigingskema 367.

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg